

Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Desember 2018 – Kersfees

Sing vooraf staande: Skrifberyming 11-1:1, 2, 10, 11 (Sb 22)

- 1 Troos, troos my volk, sê God die HERE; / dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder, / die hartseer van Jerusalem.
- 2 Vertel haar dat haar stryd verby is, / haar skuld vereffen is geheel,
dat sy ontvang het uit my hande / vir al haar sonde^on dubbel deel.
- 10 Meld die verwoeste dogter-stede: / Hier is jul God! Die sterke is Hy!
Al voor Hom uit gaan sy beloning, / sy hoë arm voer heerskappy.
- 11 Hy lei sy kudde soos 'n herder, / die lammers sluimer in sy arm,
die lammerooie dryf Hy saggies – / oor almal sal Hy Hom erbarm!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 33:1, 2 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltenskone / harp- en sitertone, / liefde^oen lof verklank!
- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Gebed

Psalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklank van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde^oen smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Skriflesing: Jeremia 31; Matteus 2:1-23

Kernverse: Matteus 2:16-18

Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het. Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is toe hy gesê het: 'n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geweën en groot gekerm; Ragel beweën haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie. (Matteus 2:16-18 AFR53)

Tema: Kersfees en die slagting in Betlehem

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die heersende gedagtes wanneer ons aan Kersdag dink, is die vrolikheid en vredigheid wanneer gesinne en families saam kuier en die aangenaamheid om saam met ander gelowiges in 'n erediens bymekaar te wees. Die oorweldigende prentjie wat voor mense se geestesoo opdoem wanneer daar gepraat word van die geboorte van Jesus Christus ons Verlosser, is Maria wat by haar eersteling Seun sit waar Hy toegedraai in doeke in die krip lê. Josef staan beskermend langs haar met die diere in die een kant van die stal. Iewers op die voorgrond kniel die wyse manne uit die Ooste nadat hulle die geskenke aan Jesus gebring het. In die agtergrond staan die skaapwagters wat kom kyk het na die Kindjie van wie die engel hulle vertel het.

25 Desember 2018 is nie vir alle mense 'n dag van vrolikheid en vrede nie. Vir baie mense is hierdie Kersdag 'n dag van verlange en hartseer, want dit is die eerste Kersdag sonder 'n geliefde eggenoot of kind of ouer wat in die afgelope jaar gesterf het. Vir sommige mense is dit 'n dag van eensaamheid, want daar is niemand by wie hulle kan kuier of wat by hulle wil kuier nie.

Dit is nie al die gelowiges oor die wêreld heen wat vandag rustig in 'n erediens kan wees om die Here te loof en te prys oor sy groot genade in Jesus Christus nie. Hulle sal maar moet wag tot vanaand wanneer dit donker is om saam met nog een of twee ander gelowiges bymekaar te kom, want in die land waar hulle woon word Christene bloedig vervolgt.

Wanneer die evangelie tydens Desembermaand verkondig word, word daar gewoonlik gekonsentreer op die mooi en rustige gedeeltes. Dit is die gedeeltes soos die aankondiging van Jesus se geboorte deur die engel Gabriël, of die engele wat aan die skaapwagters verskyn, of die wyse manne uit die Ooste wat hulde aan Jesus gaan bewys het. Al hierdie gedeeltes wek 'n rustige en vredige atmosfeer, maar is dit die werklikheid van hierdie wêreld wat ek en jy ken? Was die wêreld rustig en kalm toe Jesus in Betlehem gebore is? Op albei hierdie vrae moet ons helder en duidelik sê: Nee!

Broers, susters en kinders, met ons kernverse maak die Heilige Gees ons uit ons vredige en denkbeeldige saligheid wakker. Nie almal het gretig gewag op die eerste koms van Jesus Christus nie. Die hele wêreld het nie uitgesien dat God se Gesalfde sy opwagting in hierdie wêreld moet maak nie. Boonop was alles nie kalm en rustig in die wêreld en in Judea nie. Daar het verskriklike dinge in Judea en Jerusalem gebeur, want daar het 'n tiran op die troon gesit en hy het homself Herodes die Grote genoem. Soos wat die skelmstreke en geweld in ons geliefde land en oor die wêreld vandag seëvier, so het die onreg en boosheid ook in die dae en maande van Jesus se kort verblyf in Betlehem geseëvier. Midde-in hierdie harde en gewelddadige werklikheid vra mense: Watter betekenis het Jesus se geboorte vir 'n geweld-geteisterde wêreld? Kan daar nog blydskap wees oor 'n geboorte as daar 'n slagting aangerig word onder babatjies?

In antwoord op hierdie vrae wys die Heilige Gees vir ons dat God soewerein aan die werk is selfs wanneer die kwaad seëvier. In verband hiermee moet ons oplet dat God nie 'n passiewe toeskouer is wanneer al hierdie dinge gebeur nie. Intendeel, God het al die gebeure rondom en tydens sy Seun se geboorte beskik tot verheerliking van sy Naam. In die volheid van die tyd het God sy Seun gestuur om uit 'n vrou gebore te word onder die wet om hulle wat onder die wet is te verlos en aan te neem as sy kinders (Gal 4:4-5).

Let nou op hoe God alles bestier het sodat Herodes sy slagting in Betlehem kon aanrig. Die Here regeer die planeete en sterre. Met 'n besondere ster het Hy die wyse manne uit die Ooste uit hulle land getrek om na Jerusalem te gaan op hulle soektog na die Koning van die Jode wat gebore is. Die Here het geweet hoe agterdogtig en wreed Herodes is en tog beskik die Here dit dat die wyse manne by Herodes uitkom in hulle soektog.

Herodes was maar net soos enige mens wat nog nooit deur die Heilige Gees tot bekering gebring is nie. Hy was net meer uitgeslae en wreed as baie ander mense. Nadat daar uit die Skrifte verneem is waar die Koning van die Jode gebore sou word, het Herodes die wyse manne laat verstaan dat hy ook aan die Koning hulde wil gaan bewys. Daarom moet hulle noukeurig ondersoek doen waar die Koning is.

Die Here laat egter nie toe dat sy heilige plan in die wiele gery word deur 'n boosaard nie. In 'n droom waarsku die Here die wyse manne om nie na Herodes terug te gaan nie. 'n Engel van die Here het in 'n droom vir Josef beveel om met die Kindjie en sy moeder na Egipte te vlug voordat Herodes op sy moordtog Betlehem binnevaar.

Die Here staan nooit afgetrokke eenkant en dan gebeur al die wrede dinge in die wêreld nie. Dit is Hy wat die weerpatrone regeer, kos aan die voëls voorsien en die weë van nasies bepaal. Daarom, gelowige, kan jy seker wees dat die Here ook aktief betrokke is in die groot en klein dingetjies in jou lewe, in alles – van daardie taxibestuurder wat so wild voor jou ingedraai het tot die siekte wat jou lewe nou bedreig. In sy voorsienigheid gebruik God alles, selfs die bose daade van mense en dinge wat ons nie verstaan nie, om sy wil te volbring en sy Naam te verheerlik.

Selfs in daardie tye wanneer die kind van God verward is of bang is en in gevaar verkeer, rig en lei God sy kinders. In hierdie gebeure wat Matteus beskryf rondom die geboorte van Jesus het God drome gebruik om die mense wat betrokke is te lei. Dit was in 'n droom wat die Here se engel aan Josef die versekering gegee het dat Maria se swangerskap uit die Heilige Gees is, daarom kan hy haar maar as sy vrou by hom neem. In 'n droom het die Here die wyse manne gewaarsku om nie weer na Herodes terug te gaan nie. 'n Engel van die Here het weer in 'n droom vir Josef aangesê om na Egipte te vlug met die Kindjie en sy moeder omdat Herodes Hom wil doodmaak. Na die dood van Herodes het die Here weer twee keer in 'n droom aan Josef bekend gemaak dat hy na die land van Israel kan terug-keer en in Nasaret gaan woon.

Gebruik God vandag nog drome om mense te lei? Daar is op die sendingveld baie getuienisse van hoe die Here deur middel van drome uitverkorenes lei en trek, wanneer hulle nog ongelowig is, na mense toe wat die evangelie van Christus aan hulle kan verkondig. Deur die verkondiging van die evangelie bring die Heilige Gees daardie uitverkorenes dan ook tot bekering en geloof in Christus.

Die manier wat die Here die meeste kere verkies om sy kinders te lei, is deur die wysheid wat ons in sy Woord vind en deur die raad van godvresende broers en susters. As jy tans 'n verwarrende tyd beleef of vrees, soek die Here deur sy Woord. Wie die wysheid by die Here soek, sal nie teleurgestel wees nie, want die Here gee eenvoudig sonder om te verwy (Jak 1:5).

In die tyd van Jesus se geboorte was dit nie kalm en rustig in die land van Israel nie. Die Here het in sy alwysheid beskik dat Herodes die Grote as koning in Jerusalem regeer het oor die Jode. Hy was wreedaardig by uitnemendheid en dit lyk asof sy gewete geheel en al toegeskroei was. Hy was in sy lewe met tien vroue getroud. Een van hulle het hy

vermoor. Drie van sy eie seuns het hy vermoor. As Herodes maar net die geringste snuf in die neus gekry het dat iemand 'n oog op sy troon het, was Herodes ontstoke en moorddadig. Daarom is dit geen wonder dat hy die slagting van die babaseuntjies beveel het toe hy agterkom dat die wyse manne hom ontwyk het nie.

Ek sal nie sommer sê dat Herodes onder die gesag van die duiwel opgetree het so asof hy nie hierdie wreedheid kon keer nie. Herodes het maar net volgens sy sondige aard opgetree en dit het geheel en al ingeval by die begeerte van die duiwel self. Die duiwel wil nie hê dat God sy uitverkorenes uit die ryk van die duisternis verlos en oorbring in die koninkryk van God nie. Maar dit maak nie saak hoe wreed mense is of hoeveel mag hulle het nie. Geen bese mens of skepsel kan die Here se planne in die wiele ry nie.

Die wrede dinge wat bese mense die kinders van God aandoen, is verskriklik erg. Maar die voordeel wat die kind van God het, is dat hy seker kan wees dat daardie boosaardige mens nie na willekeur kan aangaan nie. Hy sal nie verder kan gaan as wat die Here hom gaan toelaat nie. Wanneer die Here dan in jou lewe iets beskik het wat regtig onaangenaam en ongemaklik is, onthou dat die Here 'n belofte gemaak het die dag toe jy gedoop is. Hy sal selfs die kwaad tot jou beswil beskik, daarom sal jy nie uit die hand van die Here geruk kan word nie en die Here sal jou nie in daardie benoude tye laat val nie.

Omdat God soewerein is, kan jy Hom vertrou selfs wanneer die bese mense met hulle bese planne seëvier en slaag in alles wat hulle doen. In ons kernverse gee die Heilige Gees vir ons drie duidelike redes waarom die gelowiges hulle vertrou in die Here kan stel selfs wanneer die bese die oorhand het.

Gelowige, jy kan die Here vertrou wanneer jy verward is omdat die boosheid seëvier, want die Here se weë is baie hoër as ons weë en sy gedagtes hoër as ons gedagtes (Jes 55:8-9). Ons sou eerder wou sien dat die Here vir Herodes van die aangesig van die aarde wegneem voordat hy ook nog hierdie verskriklike ding aangevang het. Maar in sy wysheid het die Here Herodes laat bly lewe en hom toegelaat om wie weet hoeveel babaseuntjies te vermoor. En dan skryf Matteus:

Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is toe hy gesê het: 'n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geweën en groot gekerm; Ragel beweën haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie.
(Matteus 2:17-18 AFR53)

Daardie woorde in Jeremia vertel van die geweën van die volk toe 'n groot deel van die volk deur Nebukadnesar weggevoer is in ballingskap. Gelei deur die Heilige Gees sien Matteus 'n tweede vervulling van daardie woorde in Jeremia 31 – dit is die geweën van die ouers wie se seuntjies vermoor is.

Selfs nie eers hierdie groot tragedie het die Here se plan verongeluk nie, maar dit eerder vervul. Die Jode aan wie Matteus die evangelie geskryf het, was bekend met die Skrif. Die aanhaling kom uit Jeremia 31 en dit is dieselfde hoofstuk waarin die Here die belofte van die nuwe verbond maak en profeteer van die buitengewone seëninge wat die Here op sy volk sal uitstort. En hier in Matteus 2 word berig van die geboorte van Jesus Christus wat die Hoof is van hierdie nuwe verbond. Midde-in hierdie hartseer wat Herodes met sy moorddadigheid veroorsaak het, bring die Here sy nuwe verbond tot stand.

Die tweede rede: Gelowige, jy kan God vertrou omdat Hy sy Seun in hierdie stukkende wêreld gestuur het om met die oorspronklike oorsaak van al die geweld af te reken. Ons sê weer, Jesus het nie in 'n kalm en rustige wêreld sy eerste lewensjare deurgebring nie. Van die eerste oomblik dat Jesus die lewenslig aanskou het, was sy lewe bedreig. Die

geweld en haat sou deur sy lewe op aarde net meer en meer opbou totdat sy eie mense Hom aan die kruis vasgespyker gekry het.

Dit is daar aan die kruis dat Jesus afgereken het met die sonde en die duiwel wat so baasspeel oor die uitverkorenes van die Here. En wanneer die Here Jesus in sy mag en majesteit terugkom na die aarde, sal Hy die duiwel en elke boosaard finaal veroordeel en hulle in die poel van vuur gooi. Daar sal die straf vir ewig duur oor die onreg en geweld wat hulle teen die Here en sy kinders gepleeg het. In die boek Openbaring gee die Here hierdie versekering aan sy kerk – daar sal 'n einde kom aan al die boosheid in hierdie wêreld. As 'n mens die boek Openbaring in twee woorde kan opsom, sal 'n mens dit so kan doen: Jesus oorwin!

Daar is mense wat spot en daar is gelowiges wat kleingelowig raak. Daar is nou al soveel eeue geweld en rebellie teen die Here en sy Woord. Hoe kan 'n mens seker wees dat Jesus triomfantlik sal terugkeer en die duiwel en al sy bose magte veroordeel?

Kyk net hoeveel keer Matteus in vers 13 tot 23 sê dat die Woord van die Here vervul is. Tot drie keer wys die Heilige Gees ons daarop dat die Here sy belofte om mense te verlos uit die mag van die duiwel en die sonde sal deurvoer. Keer op keer beskerm God sy Seun in hierdie boosaardige wêreld sodat Hy kan kom doen wat sy Naam – Jesus – sê wat Hy sal doen, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Ons keer terug na die vraag wat ons aan die begin gevra het. Kan daar nog blydskap wees oor 'n geboorte as daar 'n slagting aangerig word onder babatjies? Ja, daar kan nog blydskap wees, want Hy wat gebore is – Jesus Christus – het gekom om te doen waarvoor sy Vader Hom gestuur het. En Hy sal op die laaste dag terugkom om sy verlossingswerk af te sluit wanneer Hy elke mens en hemelse wese gaan oordeel. Dit is oor hierdie finale oorwinning van die Here Jesus Christus dat die kinders van God lofliedere kan sing oor die geboorte van Jesus te midde van al die hartseer wat hulle nou nog beleef.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 18-7:1, 11, 12 (Sb 45)

- 1 Hy het my die stad getoon, / groot en van die hemel dalend,
en, deur God se ligglans skoon, / soos 'n kleurgesteente stralend,
helder soos 'n kristallyn / wat in al sy klaarheid skyn.
- 11 Vir 'n nag van skrik en vrees / word die poorte nie gesluit nie,
want daar sal geen nag meer wees / en geen klaag- of skrikgeluid nie.
Heerlikheid en eer alleen / trek dan deur die poorte heen.
- 12 Daar sal in die heiligdom / niemand wat die kwaad bedrywe,
ooit of immer binnekom. / Hul van wie die naam geskrywe
in die Lewensboek sal staan, / hulle sal daar binnegaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.